

JESUS SORG VIR SY MENSE ... AL BRING DIT TEENSTAND!

1 KOM TOT RUS

1.1 Toe jy klein was ... wat kon jy alles op 'n Sondag doen ... of nie doen nie?

1.2 Kom ons kom tot rus by ons Here:

Hebreërs 4:1-11

- ¹ Terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog van krag is, moet ons oppas dat dit nie miskien later blyk dat een van julle agtergebly het nie.
- ² Ons het die blye boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het, het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie.
- ³ Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het:
"Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie."
En tog was sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel,
- ⁴ want êrens in die Skrif word van die sewende dag dit gesê: "En God het op die sewende dag gerus van al sy werk,"
- ⁵ terwyl hier weer gesê word: "In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie."
- ⁶ Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om weer in sy rus in te gaan.
- ⁷ God het immers weer 'n dag bepaal, naamlik "vandag", wanneer Hy, soos reeds voorheen aangehaal, soveel later by monde van Dawid sê:
"Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie."
- ⁸ As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van 'n ander dag gepraat het nie.
- ⁹ Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God,
- ¹⁰ want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne.
- ¹¹ Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

2 KOM ONS HOOR ...

2.1 Luister na Here

2.1.1 Lees Matteus 12:1-21.

2.2 Luister na mekaar ... en na ander

2.2.1 Wat spreek jou aan? Waaroor het jy vrae? Wat laat jou opgewonde voel? En onseker?

2.2.2 In Matteus 12:1-8 vertel Matteus hoe Jesus juis **die Sabbat gebruik om God se ontferming uit te deel:**

- Na watter tyd verwys Matteus met die woorde *in dié* tyd? (12:1)
- Het Jesus maar net rondgeloop ... of was Hy doelgerig op pad? (12:1)
- Wat doen die dissipels en hoekom is dit 'n probleem? (12:1-2)
- Hoekom verwys Jesus juis na die gebeure rondom Dawid (1 Samuel 21:3-6)? (12:3-4)
- Hoekom verwys Jesus na die optrede van die priesters? (12:5)
- Hoe verwys Jesus na Homself ... en wat bedoel Hy dus wanneer Hy die woorde van Hosea 6 gebruik? (12:6-7)
- Hoe beklemtoon Jesus met sy laaste woorde dat Hy besig is om die Sabbat vir Sý doel, die uitdeel van rus, te gebruik? (12:8)

2.2.3 In Matteus 12:9-14 wys Jesus dat Hy - as **Eienaar van alle mense - vir hulle sorg:**

- Na wie se sinagoge word verwys met die woorde *hulle sinagoge*? (12:9)
- Op watter manier wou die Fariseërs 'n klag teen Jesus kry? (12:10)
- Na watter sabbatsreël verwys Jesus met sy voorbeeld in vers 11?
- Hoe verskil Jesus se woorde *goed doen* van *gesond maak*? (12:12)
- Wat dui Jesus van Homself aan met sy optrede in vers 13?
- Hoekom is die Fariseërs se optrede so hartseer? (12:14)

2.2.4 In Matteus 12:15-21 beklemtoon Jesus dat Hy **die kruispad stap om hoop te bring:**

- Wat het Jesus gehoor en hoe reageer Hy daarop? Hoekom? (12:15a)
- Wat doen Jesus steeds met die mense? (12:15b)
- Hoekom sal Jesus vir die mense sê om stil te bly? (12:16)
- Wat sê Jesus van wie Hy is ... met die woorde van Jesaja 42? (12:17-18)
- Hoe – sê Jesus – hanteer Hy die Fariseërs, sy teëstanders? (12:19-20a)
- Wat is egter die uiteinde van alles? (12:20b-21)

2.3 **Luister weer na Here**

2.3.1 Lees weer Matteus 12:1-21.

2.3.2 Wat tref jou nou?

3 KOM ONS LEEF ...

3.1 Jesus is Goeie Nuus: *Hy IS die Here wat vir sy mense sorg ... al maak dit Sy lewe moeilik!*

3.2 Leef ek uit Jesus se sorg?

3.3 Watter een persoon uit my omgewing het Jesus se sorg nou besonder nodig?